# Huisgeloof

Leef saam HUISGELOOF

## WELKOM

Stap saam deur julle huis. Kyk watter areas in die huis baie deurmekaar of netjies is. Sommige vertrekke is dalk ooglopend netjies, maar die kaste of laaie is deurmekaar.

Gesels saam:

- Wat maak 'n vertrek deurmekaar? Wat maak 'n vertrek netjies?
- Is daar sekere vertrekke wat makliker netjies gehou word as ander?
- Wat dink julle dra daartoe by dat sekere vertrekke netjies en ander deurmekaar is?

Iemand is nodig om orde in 'n vertrek te bring deur dit netjies te maak of te hou.

Die Bybelverhaal wat julle vandag gaan lees, gaan oor Iemand wat kies om in 'n deurmekaar wêreld betrokke te wees en orde te bring. God skep en bring lewe in die chaos.

## WONDER

Lees Genesis 1:1-2:4 saam. As daar klein kinders in die huis is, vertel kortliks dele van die teksgedeelte.

Gesels saam:

- Vertel vir mekaar wat op elke skeppingsdag gebeur het.
- Wat het God aan die einde van elke skeppingsdag gesê?
- Ons sien dat God orde in die skepping bring en dat Hy op die sewende dag gerus het. Wat leer dit vir ons oor die plek wat rus in ons lewe het?

## WEES

Daar is verskillende soorte rus. Soms is speel of kuns doen die soort rus wat 'n mens nodig het.

Gesels oor watter soort rus elkeen in die huis nodig het.

Skep 'n gewoonte om te sorg dat almal in die huis tot rus kom. Fokus op dit waaroor julle gesels het en kies iets wat haalbaar is. Dalk 'n "uur van rus" op 'n Sondagmiddag of 'n spesiale ete gedurende die week. Dit kan julle daaraan herinner dat God vir ons nuwe lewe wil gee te midde van wanorde.

Dink ook na oor watter ander dinge julle dalk kan doen om meer struktuur, sekerheid en rus in die dag of week in te bou.

## WEGSTUUR

Skryf hierdie plan in julle dagboek om seker te maak julle hou daarby.